

16.16 RAPPORT 9b – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – NOORD-AMERIKA EN KANADA (PCA en CRCNA) (Art 127)

16.16 REPORT 9b – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – NORTH AMERICA AND CANADA (PCA and CRCNA) (Art 127)

- A. Ds ASA de Bruyn stel die Rapport.
Rev. ASA de Bruyn tables the Report.
- B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. RAPPORT / REPORT

<p>Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Ds GP van Rhyn, prof RS Hobyane en prof HG Stoker.</p> <p>1. Presbyterian Churches in America (PCA) Ekumeniese eenheid</p> <p>1.1 <i>Opdrag</i></p> <p>1.1.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid tussen die GKSA en PCA</p> <p>1.1.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem. <u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p> <p>1.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>1.2.1 Prof HG Stoker het die PCA se Sinode in 2018 bygewoon</p> <p>1.2.2 Daar is in 2019/2020 in gesprek getree d.m.v. korrespondensie met die PCA se “Stated Clerk” rakende deelname aan hul Sinodes wanneer ons dit wel besoek. Afgevaardigdes van ander kerkverbande kan nie deelneem aan bespreking van punte tydens hul Sinode nie. Dit maak die uitleef van ons ekumeniese eenheid moeilik, aangesien buitelandse afgevaardigdes nie direkte insette kan lewer nie. Hul “Stated Clerk” het ‘n deeglike uiteensetting gegee oor hoe hulle hul Sinodes inrig volgens hul Kerkorde en op watter maniere Deputate wel insette kan lewer.</p> <p>Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.</p>	<p>Deputies appointed to this desk: Rev. GP van Rhyn, Prof RS Hobyane and Prof HG Stoker.</p> <p>1. Presbyterian Churches in America (PCA) Ecumenical Unity</p> <p>1.1 <i>Mandatee</i></p> <p>1.1.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and PCA.</p> <p>1.1.2 This unity is to be sustained and bolstered by <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level.</p> <p>Decision: Points 1.1.1 and 1.1.2 noted.</p> <p><u>Matters that the Synod takes note of</u></p> <p>1.2 <i>Fulfilment of task</i></p> <p>1.2.1 Prof HG Stoker attended the PCA’s Synod in 2018.</p> <p>1.2.2 Correspondence was entered into with the PCA’s stated clerk in 2019/2020 in regard to participation in their Synods when the GKSA does attend. Delegates of other denominations are not permitted to join in discussions on the agenda of their Synods. This makes demonstrating ecumenical unity difficult since foreign delegates cannot offer direct input. Their stated clerk provided a detail breakdown of proceedings at their Synods in accordance with their church order and the ways in which Deputies can offer input.</p> <p>Decision: Points 1.2.1 and 1.2.2 noted.</p>
--	---

<p><u>Sake waaroor die Sinode besluit</u></p> <p>1.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)</i></p> <p>1.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid met die PCA.</p> <p>1.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p> <p>Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 goedgekeur.</p> <p>2. Christian Reformed Churches in North America (CRCNA) Ekumeniese eenheid</p> <p>2.1 <i>Opdrag</i></p> <p>2.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die CRCNA se besluit om nie die Belhar-belydenis deel van hulle eenheidstandaarde (as 'n vierde belydenis) te maak nie, maar dit as 'n geloofsgetuienis/-verklaring te ag.</p> <p>2.1.2 Die Sinode neem kennis van die besinning wat onder leiding van die CRCNA plaasgevind het met betrekking tot die plek en betekenis van "Ecumenical Faith Declarations" in Gereformeerde Kerke.</p> <p>2.1.3 Die Deputate ontvang opdrag om in opvolging van vorige gesprekke verder met die CRCNA gesprek te voer oor die CRCNA se vertaling van die Belydenisskrifte.</p> <p>2.1.4 Die eenheid tussen die GKSA en CRCNA moet verder uitgebou word dmv besoeke, waar moontlik, en praktiese samewerking, veral op die terrein van sendingwerk in die Afrika-lande waar die GKSA en CRCNA betrokke is.</p> <p>2.1.5 Die GKSA moet voortgaan om die groei in ekumeniese verhouding tussen die CRCNA en die RCA te monitor, veral in terme van die implikasies daarvan op ekumeniese eenheid tussen die GKSA en die CRCNA.</p> <p>Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.5 kennis geneem.</p> <p><u>Sake waarvan die Sinode kennis neem</u></p> <p>2.2 <i>Uitvoering van opdrag</i></p> <p>2.2.1 Weens die Covid-19-pandemie en die verskillende regerings se hantering daarvan, deur bv. reis te beperk, was</p>	<p><u>Matters that the Synod decides on</u></p> <p>1.3 <i>Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)</i></p> <p>1.3.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and PCA.</p> <p>1.3.2 This unity is to be sustained and bolstered by <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level.</p> <p>Decision: Points 1.3.1 and 1.3.2 approved.</p> <p>2. Christian Reformed Churches in North America (CRCNA) Ecumenical Unity</p> <p>2.1 <i>Mandate</i></p> <p>2.1.1 The Synod is to take note, with thanks, of the CRCNA's decision to not make the Belhar Confession part of their standards for unity (as fourth confession), but to view it as a testimony/declaration of faith.</p> <p>2.1.2 The Synod is to take note of a review led by the CRCNA of the place and significance of ecumenical faith declarations in Reformed Churches.</p> <p>2.1.3 The Deputies are to follow up on previous discussions with the CRCNA over the CRCNA's translation of the confessions.</p> <p>2.1.4 Unity between the GKSA and CRCNA must be promoted through visits, where possible, and practical collaboration, especially in terms of mission work in the African countries where the GKSA and CRCNA are active.</p> <p>2.1.5 The GKSA must continue to monitor the growth in the ecumenical relationship between the CRCNA and RCA, especially in terms of its implication for ecumenical unity between the GKSA and CRCNA.</p> <p>Decision: Points 2.1.1 to 2.1.5 noted.</p> <p><u>Matters that the Synod takes note of</u></p> <p>2.2 <i>Fulfilment of task</i></p> <p>2.2.1 Due to the Covid-19 pandemic and the different governments' regulations around it, e.g. restricting travel,</p>
--	---

<p>'n besoek aan die CRCNA se Sinode nie moontlik nie. Die Deputate het aangehou om kennis te neem van besluite deur die CRCNA geneem. Die CRCNA se staande besluit oor vroue wat in die amp van predikant en ouderling kan dien, het 'n invloed op die ekumeniese eenheid wat ons met hul het.</p>	<p>attending the CRCNA's Synod was not possible. The Deputies stayed abreast of decisions made by the CRCNA. The CRCNA's existing stance on women in the offices of elder and minister has implications for our ecumenical unity with them.</p>
<p>2.2.2 Gesprekke oor bogenoemde staande besluit en oor die CRCNA se vertaling van die Belydenisskrifte, is gesprekke wat na die Deputate se mening in persoon gevoer moet word. Ongelukkig kon hierdie gesprekke nog nie plaasgevind het nie.</p>	<p>2.2.2 Deputies are of the view that discussions over the above stance and the CRCNA's translation of the confessions should take place in person. Unfortunately, this has not yet been possible.</p>
<p>2.2.3 Die ontwikkeling van die CRCNA se verhouding met die RCA is gemonitor.</p>	<p>2.2.3 The development of the CRCNA's relationship with the RCA was monitored.</p>
<p>Besluit: Punt 2.2.1 tot 2.2.3 kennis geneem.</p>	<p>Decision: Points 2.2.1 to 2.2.3 noted.</p>
<p><u>Sake waaroor die Sinode besluit</u></p>	<p><u>Matters that the Synod decides on</u></p>
<p>2.3 <i>Aanbevelings (Opdragte aan te benoeme Deputate)</i></p>	<p>2.3 <i>Recommendations (Mandate to the to be appointed Deputies)</i></p>
<p>2.3.1 Dat met dankbaarheid kennis geneem word van die bestaande ekumeniese eenheid met die CRCNA.</p>	<p>2.3.1 Note is to be taken, with thanks, of the ecumenical unity between the GKSA and CRCNA.</p>
<p>2.3.2 Dat die eenheid onderhou en verder uitgebou word, onder andere deur wedersydse besoeke van Deputate en deur samewerking op praktiese vlak.</p>	<p>2.3.2 This unity is to be sustained and bolstered by <i>inter alia</i> mutual visits by Deputies and cooperation on a practical level.</p>
<p>2.3.3 Dat daar indringend en in persoon gesprekke gevoer word met die CRCNA oor hul besluite rakende vroue as predikante en ouderlinge en hoe dit die eenheidsband tussen die GKSA en die CRCNA raak.</p>	<p>2.3.3 Urgent face-to-face discussions need to be held with the CRCNA over their decisions related to women's admission to the offices of elder and minister and how it affects unity between the GKSA and CRCNA.</p>
<p>2.3.4 Die GKSA moet die groei in ekumeniese verhouding tussen die CRCNA en RCA aanhou monitor, veral in terme van die implikasies daarvan op ekumeniese eenheid tussen die GKSA en CRCNA.</p>	<p>2.3.4 The GKSA must continue to monitor the growth in the ecumenical relationship between the CRCNA and RCA, especially in terms of its implication for ecumenical unity between the GKSA and CRCNA.</p>
<p>Besluit: Punte 2.3.1 tot 2.3.4 goedgekeur.</p>	<p>Decision: Points 2.3.1 to 2.3.4 approved.</p>